I.M.S.
Vol. 1 No. 33

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
12 OCT 1962
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Kantoor van die Burgemeester,
STELLENBOSCH.
29 Junie 1962.

## DIE WINTER

Die afgelope weke hoor ek dikwels mense sê dat dit nou weer 'n opregte ou Stellenbosse winter is. Daarmee word bedoel tye van aanhoudende reën uit die noord-weste. As dit later begin verveel, dink ons aan die lang somermaande en dit troos om te weet dat die berge waaruit ons rivier kom wat ons watervoorraad moet verskaf, die geleentheid kry om daardie water geleidelik tot versadiging in hom op te neem. Tot dusver was daar geen voorvalle nie, alhoewel die gevaar altyd besonder groot is as daar uitgebreide bergbrande gedurende die somer plaasgevind het. Die oorvloedige reëns skep natuurlik sekere probleme wat nie in al die gevalle onmiddellik opgelos kan word nie. Ons doen wat ons kan om verligting te bring, maar die werklike oplossing is in baie gevalle langtermynwerk wat met groot uitgaaf gepaard gaan.

## BEHUISING

Veral in die winter veroorsaak woningnood bekommernis, want dan begeer almal behoorlike skuiling, warmte en beskutting teen die elemente. Wat die Kleurlingbehuising betref, is ek bly om te kan sê dat daar 2 onderverdelings in erwe van munisipale grond wat bedoel is vir Kleurlingbehuising, te wete Idasvallei Uitbreidings nr. 3 en 4, by die Dorpekommissie ingedien is. Ondersoek na verdere moontlikhede vir uitbreidings in Idasvallei — in afwagting van die uiteindelike bepaling van groepsgebiede — word ingestel. Daar is sekere ooreenkomste aangegaan oor die gebruik van grond ten noorde van Idasvallei en daar sal met die betrokke eienaars onderhandel word.

Om egter die hele gebied wat tans beskikbaar is vir Kleurlingbehuising te kan gebruik, moet 'n opgaardam vir

die hoogliggende gebiede gebou word. Die Stadsingenieur het opdrag om die voorbereidings hiervoor te maak. Dit moet oorweeg word of bykomende personeel en die beskikbaarstelling van kontoerkaarte nie 'n noodwendige vereiste is vir die vinnige vordering van beplanning en die aanbou van huise nie.

'n Saak wat ook met behuising in verband staan, is die gedagte van die Vroue-Sendingbond dat 'n tuiste vir bejaarde kleurlinge daargestel moet word. Dit is 'n saak wat die munisipaliteit nie self kan onderneem nie, maar die Raad het die versekering gegee dat 'n perseel vir so 'n tehuis in gedagte gehou sal word vir verdere beplanning.

## 'N VERJAARDAG

Ses Julie, is die nege-en-negentigste verjaardag van mev. S. E. du Plessis. Sy woon saam met haar dogter, ook 'n mev. Du Plessis by mej. E. C. Laing (Emmy) in „Klein Libertas", Weidenhofstraat 10.

Mev. Du Plessis lees sonder 'n bril, haar geheue is nog so goed as ooit en sy stel baie belang in wat aangaan. Sy doen ook nog allerlei werkies — dus nog op die leeftyd 'n ryk lewe.

Ook uit naam van die samelewing van Stellenbosch wil ek mev. Du Plessis van harte gelukwens saam met haar dogter en ook mej. Laing. Mag die liefde en sorg wat sy, soos ook die dogter, aan mev. Du Plessis bestee hulle ryklike seën bring. Ons innige waardering kom hulle toe.

## ONGEOORLOOFDE GEBOUE

Van tyd tot tyd ondervind ons dat bouwerk gedoen word en strukture opgerig word sonder die wete van die Raad. Dit lei maklik tot teleurstelling en geldelike verlies waar die Raad tot sy spyt verplig is om in te gryp. Ek doen 'n beroep op die publiek om in hul eie belang tog altyd die betrokke beamptes te raadpleeg en seker te maak dat daar eers behoorlike planne voorgelê en goedgekeur word waar die regulasies dit vereis.

## PUBLISITEIT

Die Uitvoerende Bestuur van die Publisiteitsvereniging het 'n skema vir die druk van 'n nuwe brosjure voorgelê. Die Raad het 'n sub-komitee bestaande uit die Burgemeester, die Onder-Burgemeester en die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging aangestel om die voorstelle te ondersoek in

oorleg met die Publisiteitsvereniging van die Suid-Afrikaanse Spoorweë.

Die Raad se twee verteenwoordigers op die Publisiteitsvereniging van die Wes-Kaaplandse streek is gemagtig om 'n Kongres van die Vereniging by te woon wat op 23 Augustus 1962 in Bellville gehou sal word.

**DIE VAKANSIETYD WAT VOORLÊ**

Ek wens graag almal wat op vakansie gaan om te rus, 'n aangename tyd toe en veral mooi weer. Dit geld ook vir die redaksie en personeel van Eikestadnuus, wat sy kantore vir 'n rukkie gaan sluit.

---

20th July, 1962.

**ANNUAL IMMUNISATION AGAINST POLIOMYELITIS**

This year also, as in 1961, the Municipality has made arrangements for three courses of immunisation against poliomyelitis by oral vaccine.

As from Thursday, the 19th July, 1962, and thereafter every Thursday and Friday afternoon from 3.00 to 4.30 p.m. clinic sessions will be held in the bay on the Andringa Street side of the Town Hall — the same place as last year.

I sincerely hope that all babies born after last year's immunisation campaign and not younger than 3 months will be brought for immunisation. The serum should be taken at intervals of six weeks.

The treatment at the clinic will also be available for all persons who did not finish their course last year or did not take a course at all. The age limit is 30 years.

The Municipality, as well as the Government Health Department, is most anxious that all persons falling within the vulnerable age group should be fully immunised against the disease and I would again emphasise that all the services connected with the immunisation against poliomyelitis are rendered to the public free of any charge.

It is emphasised that the immunisation is by means of a serum which is swallowed and not by means of an injection. Any baby over the age of three months can be immunised without discomfort and absolutely painless.

I conclude by stating that since last year's course, when 16,000 people were immunised at Stellenbosch no cases of polio have been reported. This indicates that the vaccine is effective.

## MARAIS PARK NATURE RESERVE

Negotiations between the Council and the Department of Nature Conservation of the Provincial Administration have progressed so far that by co-operation between the Municipality and the Department mentioned, the possibilities which Marais Park offers,. are being carefully investigated as a preliminary to the preparation of plans and estimates for submission to the Council.

## MUNICIPAL SCHEMES

Larger schemes such as the Du Toit Station area where the problems presented by the main road design and the vehicular bridge over the railway lines have to be solved, the Union Park Township, the new abattoirs, are being pursued but progress is slow because of the number of authorities concerned.

## OTHER MATTERS

Smaller schemes are developing such as the building for the sale of Bantu beer and European liquor for natives at Kaya Mandi.

The future of Van Riebeeck Street, Van Ryneveld Street and Bird Street, also new possibilities of access to the area to the south of the Eerste River are being carefully examined.

## A WORD OF CAUTION

I would like to conclude by doing my fellow citizens the kindness of warning them well in advance that soon it will not be advisable to exceed the speed limit on the Polkadraai Road to the west of Adam Tas bridge. Speed control is to be introduced there.

---

3 Augustus 1962.

## MNR. NICO UYS WORD REDAKTEUR VAN DIE EIKESTADNUUS

'n Woord van hartlike verwelkoming aan mnr. Uys by geleentheid van sy oorname van die redaksie van Eikestadnuus vanaf 16 Julie hierdie jaar, na terugkeer van sy oorsese reis.

Ek is oortuig dat hy met sy rype ondervinding in die omgang met sy medemense en die menslikheid en vriendelikheid wat in so 'n hoë mate sy eie is, 'n waardige opvolger vir sy bekwame voorgangers sal wees. Onder sy beheer behoort die Eikestadnuus die forum te kan wees waar opbouende kritiek en 'n gees van positiewe samewerking vryelik sal kan meng.

Ons weet in hoe 'n hoë mate mnr. Uys die belange van Stellenbosch op sy hart dra en ons wens hom van harte alle sukses toe in sy nuwe amp.

## NUWE REGULASIES

Die Stadsraad het besluit om die Standaardregulasies vir Beheer van Kerkhowe aan te neem en stappe word gedoen om dit te laat afkondig. Dit is die bedoeling dat die Munisipaliteit vanaf 1 Januarie 1963 beheer van die kerkhowe sal oorneem. Oor die belangrikste bepalings van die regulasies sal daar by 'n latere geleentheid moontlik geleentheid wees om iets meer te sê.

Die Raad het ook besluit om regulasies vir die beheer van losieshuise aan te neem en sy voorneme sal nog behoorlik geadverteer word soos dit deur die wet voorgeskryf word as voorbereiding vir die afkondiging.

## GEWYSIGDE KIESERSLYS

Aanstaande jaar sal 'n hele nuwe kieserslys opgetrek word. Op 22 Junie 1962 het die Hersieningshof die aanvullende rol vir die jare 1962/63 goedgekeur. Daar is 176 name van persone wat nie meer die nodige kwalifikasies besit nie, van die lys verwyder en 203 nuwe name is bygevoeg. Die getal stemgeregtigdes is om en by 3,000.

## SKENKINGS VAN POSKAARTE EN FOTOGRAFIEË VAN STELLENBOSCH

Deur bemiddeling van dr. Anna Smith, die direktrise van Africana van die Johannesburgse publieke biblioteek, is twee interessante fotografieë van dr. A. D. Bensusan, Stadsraadslid van Johannesburg, ontvang en deur bemiddeling van mnr. H. J. Hendriks, Stadstesourier, 'n aantal poskaarte wat van historiese waarde vir Stellenbosch is.

Ons dank aan die skenkers.

## DIE GROSVENOR-HUIS MUNISIPALE MUSEUM

Die Raad van Beheer van die Grosvenor-huis munisipale museum het sy eerste vergadering op 20 Julie 1962 gehou. Die Raad was voltallig en het die Burgemeester as Voorsitter gekies. Verdere lede is raadslid G. C. Osler, wat saam met die burgemeester die Stadsraad verteenwoordig, prof. H. B. Thom en mnr. J. B. Collins wat die Provinsiale Administrasie verteenwoordig en prof. J. Trümpelmann en mnr. H. T. van Huyssteen wat die lede van die museum verteenwoordig. Dit het by geleentheid van hierdie vergadering hoofsaaklik gegaan om die voorwaardes van oordrag van die Grosvenor-huis-eiendom aan die nuwe Raad van Trustees.

## GOUE JUBILEUM VAN DIE KAAPSE BOTANIESE TUINE VAN S.A.

Bogenoemde liggaam vier sy goue jubileum in 1963. Prof. Rycroft wat vroeër in Jonkershoek gestasioneer was, het op 6 Julie 1962 aan die Stadsraad geskryf en gevra of die Raad gedurende 1963 'n bydrae sal maak tot die koste van die uitvoering van 'n baie omvattende en interessante program. Die Raad het besluit om die saak te laat oorstaan totdat die toekenning van bydraes vir die jaar 1963 bespreek word en dat die moontlikheid van deelname aan die verrigtinge met die plaaslike Tuinbouvereniging verder ondersoek word.

## BOTMASKOP EN SY OMGEWING

Die Raad het 'n tyd gelede die gedagte gekoester om hierdie deel van die munisipale gebied van Stellenbosch wat ook 'n deel van Idasvallei ten noorde van die stoordam insluit, vir 'n natuurreservaat uit te hou. Die Provinsiale Administrasie is egter nie bereid om die nodige afkondiging te doen nie, of om 'n bydrae tot die koste te maak nie maar om eerder op 'n behoorlike aanleg en ontwikkeling van Jan Maraispark te konsentreer. Die vraag ontstaan nou of die gebied dan maar met bome beplant moet word. Voordat hy hieroor besluit, sal die Raad egter 'n inspeksie van die hele terrein wil hou om te kan vasstel in watter mate veral die natuurlike plantegroei behoort bewaar te word.

## PERMANENTE LANDSDIENSKAMP TE JONKERSHOEK

In verband met die voorneme van die Landboudepartement om so 'n kamp te Jonkershoek daar te stel, gedeeltelik op 'n

deel van die grond wat aan die Bosboudepartement vir 99 jaar verhuur is en gedeeltelik op munisipale grond wat nie verhuur is nie, het die Raad besluit om sy toestemming te verleen tot die gebruik van die grond wat deur die Bosboudepartement verhuur is. Daar is sekere formaliteite wat aan voldoen moet word en die Raad het besluit dat die grond vir 'n tydperk van 25 jaar teen 'n bedrag van R2.00 per jaar sal verhuur word onderhewig daaraan dat hy die reg sal hê om die huur na kennisgewing van 12 maande te beëindig en ook onderhewig aan verdere voorwaardes.

## UITBREIDING VAN DIE TEGNIESE KOLLEGE

Dit is nou finaal beslis dat die Tegniese Kollege aansienlik uitgebrei sal word en ook dat dit in die omgewing waar die kollege en sy koshuise nou staan, sal gebeur. Dit is afgespreek dat die Regering in die nouste samewerking met die Stadsraad sal werk en probeer 'n oplossing daarstel wat sowel die gerief van die omgewing asook die verkeersvraagstukke sover moontlik in ag sal neem.

## NUWE SLAGPALE

Ek is bly om te kan meedeel dat in verband met 'n besoek aan die kantore van die Vleisbeheerraad in Pretoria deur Raadslid prof. F. Smuts en die argitek van die Raad, mnr. Rodney Green, in verband met hierdie onderneming, die skema wat as gevolg van 'n hele reeks onderhoude opgetrek is, aangeneem is. Finale planne sal dus opgetrek kan word, en die Raad het alreeds besluit dat tenders vir die nodige omheining gevra kan word sodra die spesifikasies beskikbaar is.

---

10 Augustus 1962.

## DRANKVERSKAFFING AAN BANTOES

Vanaf 15 Augustus 1962 sal Bantoes volgens wet die reg hê om enige soort drank te koop. Dit is die Staat se beleid en soos alreeds hier gesê is, het die Raad die posisie aanvaar en heelwat aandag geskenk aan reëlings wat in die belang sal wees van die samelewing as 'n geheel, en veral ook in belang

van die Bantoes. Daar is 'n prosedure voorgeskryf om sake aan die gang te sit wat noukeurig nagekom moet word.

Sy Edele die Minister van Justisie het die aanbevelings van die Raad goedgekeur en die Raad magtiging verleen om alle soorte drank aan die Bantoes te verskaf. Daar moet spesiale geboue opgerig word en 'n perseel waar drank verkoop en verbruik kan word, moet uitgelê word. Alles moet aan tegniese en regsbehoeftes en -vereistes voldoen.

Tenders vir die geboue en toerusting is reeds gevra en dit word verwag dat die geboue binne die volgende 3 maande voltooi sal word, wat sal beteken dat drank aan Bantoes in Kaya Mandi moontlik teen Desember 1962 verskaf sal kan word. Totdat dit sover is, het die Bantoes die reg om op enige plek enige soort drank te koop.

Die Raad maak ook voorsiening vir 'n eetlokaal waar Bantoes nie slegs hul drank, maar ook maaltye kan kry.

As gevolg van 'n wysiging van die Bantoebierwet van 1962 sal Bantoebier ook nou aan Blankes verskaf kan word en voorsiening is gemaak vir Bantoebier-buiteverkope in die voorgestelde geboue.

Die Minister van Justisie het verder bepaal dat oor die winste wat van die verkoop van drank verkry word, soos volg beskik word:

(a) Na aftrekking van die bedryfs- en administratiewe koste moet 80% van die winste aan die Sekretaris van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling oorbetaal word vir aanwending in die algemene belang van die Bantoes, insluitende Bantoes in die Bantoe-gebiede;

(b) Die oorblywende 20% bly in die Bantoe Inkomsterekening van die plaaslike bestuur vir aanwending in die algemene belang van Bantoes in die stedelike gebiede.

Die hele onderneming staan onder die beheer van die Raad se Departement van Bantoe-administrasie. Wat Bontoebier self betref is die posisie volgens die Bantoebierwet van 1962 soos volg:

Enige persoon mag vir tuisgebruik en enige werkgewer mag vir die doel van gratis verskaffing aan sy werknemers, Bantoebier maak.

Die plaaslike owerheid wat die reg verkry het om drank te verkoop, mag Bantoebier maak en verkoop.

Bantoebier mag nie aan enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar verkoop word nie.

Waar egter 'n plaaslike owerheid die uitsluitlike reg gegee is om Bantoebier te maak, te verkoop en te voorsien, mag geen ander persoon dit doen nie. Hierdie verbod is egter nie van toepassing in die volgende gevalle nie:

(a) Op huishoudelike brou van Bantoebier waar dit voor die Wet van toepassing geword het, toegelaat was;

(b) op 'n werkgewer wat sy bona fide werknemers, as daar 25 of meer is, gratis van Bantoebier voorsien;

(c) op 'n persoon wat die reg gegee is om drank te verkoop in terme van die Drankwet (spesiale magtiging); en

(d) op drankwinkels wat Bantoebier vir tuisverbruiik verkoop, mits hulle hul voorrade van die plaaslike owerheid koop.

---

17th August, 1962.

**MOBILE X-RAY UNIT**

The unit, which is operated by the Government Health Department, will be in the Stellenbosch municipal area from the 16th to 27th August, 1962. Special provision has been made for the examination of persons employed in businesses and in public institutions.

On the 21st, 22nd and 23rd August, 1962, however, the unit will be available free of charge at Bergzicht to all who are interested. It is strongly recommended that the widest use be made of this unique opportunity for an annual check-up.

**REMOVAL OF GARDEN REFUSE**

There are certain regulations in force concerning the removal of garden refuse as distinct from ordinary house refuse. The town has been divided into areas which are visited by municipal transport on certain days for the removal of ordinary garden refuse.

If old hedges and trees and shrubs are cut down the volume of the garden refuse may be surprisingly great and require the use of a heavy vehicle to remove quite a number of loads.

That garden refuse removal on this scale cannot fit in with the ordinary routine, is the experience of the Municipality. Special arrangements can be made with the Council

to get loads removed at the very low charge of R1.50 per load.

Removal of garden refuse is one of those things which provoke comment and lead people affected to lodge objections with the Municipality. As a rule garden refuse to be removed must be deposited within the boundaries of an owner's garden and plot but it happens that in some cases it is put just outside the fence onto a sidewalk which forms part of the public street. The normal reaction would be not to interfere too much, particularly when no harm is being done. Unfortunately, however, not all people are considerate enough and when depositing garden refuse on the sidewalks or causing it to be deposited, they cause inconvenience to passers-by, who have to get off the sidewalks. Others object to the unsightliness over week-ends, particularly on Sundays.

May I make a friendly suggestion that owners of gardens take the initiative and with the courtesy for which the people of Stellenbosch are so well-known obviate all trouble without exposing themselves to proceedings under the regulations which one hates to have to take.

It is interesting to note how the pendulum swings and how after a period of tolerance which may lead to abuse, public opinion hardens. A very similar case is that of the sidewalks. The Council years ago, also under pressure, was very rigid in insisting that no growth from gardens should overhang the sidewalks. Public opinion later turned in the opposite direction, quite a number of owners have followed the American system of doing away with boundary fences and including the sidewalks within the sphere of care of their gardens and extending their lawns up to the kerb.

The Council noted that even a certain amount of gardening was done on municipal sidewalks, in many cases with really attractive effects. Recently, however, a number of owners have cultivated the whole of the sidewalk and planted it up with the result that the pedestrian has to walk in the carriage-way, and keep off the sidewalk. In this case also there are signs of resentment against this practice. May this be taken as a hint to exercise sweet moderation and thereby obviate all action of the kind which most of us seem to resent.

**DOG TAX**

The Council has resolved to place the duty of collecting the dog tax in the hands of the meter readers and the co-operation of the owners of dogs within the municipal area will be appreciated.

## BUILDING PLANS

The Bureau of Census and Statistics has been supplied with the following information:

During the period 1st July, 1961 to 30th June, 1962 203 building plans have been approved.

The total estimated value of the buildings concerned is R1,324,950.

The University has submitted plans to the estimated value of R551,020, the Provincial Administration for R48,000 and the local authority for R36,370, thus altogether R635,390, just a little less than half of the grand total.

## SUBDIVISION OF MUNICIPAL GROUND

On the rise to the south of La Colline abutting on Dan Pienaar Street, six building plots will be offered for sale. The subdivision has been approved by the Administration and the Townships Board. The Council is making preparations for the sale.

## MAINTENANCE OF SERVICE LINE TO THE FACTORY SITE

As the Railway Administration is no longer prepared to undertake the maintenance of private sidings, the Town Council has entered into a contract for the execution of work which may become necessary from time to time with the firm Railway & Civil Engineering Construction (Pty.) Ltd. The costs are recovered from the factories which make use of the line.

S. W. J. LIEBENBERG.

*Gedruk deur*
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Birdstraat, Stellenbosch